## Oefening 4: Taalverskynsels

**Identifiseer en benoem die taalverskynsels wat in die onderstaande sinne voorkom:**

1. Ma hou nie daarvan om tru agteruit te ry nie.
2. As dit winter word, kry Johnny altyd bromkatjies.
3. Wat my aanbetref, kan die boelie gaan doppies blaas!
4. Die rymkletsers maak deesdae groot opgang.
5. Die toegang is gratis en verniet vir kleuters.
6. Met daardie kort mini moet Suzie haar sit ken!
7. Ek het baie oulike toeps op my foon afgelaai.
8. Die krieketspan se lopies kom in gereelde reëlmaat.
9. Sy het 'n oulike brakhond vir haar verjaardag gekry.
10. Megan is bly en verheug dat Sonja saam met haar kan ry.
11. Ons as mense moet baie bewus wees van ons verganklikheid.
12. Die wewenaar wie se vrou dood is, is baie eensaam.
13. Gedurende die grendeltyd het ons maskers gedra.
14. Die deur wat so klak-klak, is 'n irritasie.
15. Ek het alreeds vantevore vir jou gesê dat jy jou huiswerk volledig moet doen.
16. In pleks van leer, het ek op my bed gelê en rus.

## Oefening 5: Taalverskynsels

**Identifiseer en benoem die taalverskynsels wat in die onderstaande sinne voorkom:**

1. Ons mag nie flaterwater in die eksamen gebruik nie.
2. Anuscka dra sellulietsokkies as sy gaan oefen.
3. Jy moet seker maak jou motor is verassureer, want jy kan maklik in 'n ongeluk kom.
4. Oom Sampie hou daarvan om oliekolonie aan te sit.
5. Die korrupsiesyfers is deesdae skokwekkend.
6. Ons gaan op die kweekgras partytjie hou.
7. Dit is gebiedend noodsaaklik dat ons die padreëls gehoorsaam.
8. Ek bekommer myself te veel oor die toekoms.
9. Die mandjietjie is net-net te klein vir al die eiers.
10. As jy met jou motorfiets ry, moet jy asseblief jou pletterpet dra.
11. Daar is heelwat mense wat perlemoen onwettig uithaal.
12. Juffrou wil definitief seker maak dat ons die werk onder die knie het.
13. Ek gaan persoonlik self die inkopies doen.
14. My foon het 'n raakskerm.
15. Ek het my boeglam geskrik vir die tamaai groot hond!
16. Die hokkiespan se finale eindpoging het nie vrugte afgewerp nie.

**Oefening 4: Taalverskynsels**

1. tru agteruit – pleonasme
2. bromkatjies – volksetimologie
3. aanbetref – kontaminasie
4. rymkletsers – neologisme/nuutskepping
5. gratis en verniet – pleonasme
6. kort mini – pleonasme
7. toeps – neologisme/nuutskepping
8. gereelde reëlmaat – pleonasme
9. brakhond – toutologie
10. bly en verheug – pleonasme
11. Ons as mense – pleonasme
12. Die wewenaar wie se vrou dood is – pleonasme
13. grendeltyd – neologisme/nuutskepping
14. klak-klak – klanknabootsing/onomatopee
15. alreeds vantevore – pleonasme
16. In pleks van – kontaminasie

**Oefening 5: Taalverskynsels**

1. flaterwater – neologisme/nuutskepping
2. sellulietsokkies – neologisme/nuutskepping
3. verassureer – kontaminasie
4. oliekolonie – volksetimologie
5. skokwekkend – kontaminasie
6. kweekgras – toutologie
7. gebiedend noodsaaklik – pleonasme
8. Ek bekommer myself – pleonasme
9. mandjietjie – toutologie
   eiers – toutologie
10. pletterpet – neologisme/nuutskepping
11. perlemoen – volksetimologie
12. definitief seker maak – pleonasme
13. Ek gaan persoonlik self – pleonasme
14. raakskerm – neologisme/nuutskepping
15. tamaai groot – pleonasme
16. finale eindpoging – pleonasme